Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

14 September 2022
Nuusbrief No 31

Liewe Ouers,
Baie dankie aan elkeen wat ons koekverkoping ondersteun het, en veral die Olifant- en Kameelperd-ouers wat 'n heerlike koekverkoping aangebied het, en alles so stylvol gedoen het.

Personeel:

- Baie geluk aan Juffrou Henriëtte wat 19 September verjaar. Mag dit 'n wonderlike geseënde nuwe lewensjaar wees, Henriëtte. Ons hoop jy weet hoe geliefd en gewaardeerd jy is.
- Baie geluk ook aan ons Studentejuffrou, Mijanke Blignaut wat by die Naskool werk wat ook 19 September verjaar. Geseënde dag en jaar vir jou, Mijanke.

Dogzcool-Hondevertoning: Woensdag 21 September 2022:

- Ons is so opgewonde oor die hondevertoning wat as instappie aan **al** ons kleuters gebied gaan word. Dit is 'n groot hoogtepunt.
- Voltooi asseblief die skeurstrokie waarin u toestemming verleen dat u kleuter aan hierdie aktiwiteit mag deelneem.
- Die koste per kind is R40. Handig die bewys van betaling (geen kontant word ontvang nie) saam met die skeurstrokie in by die klasonderwyseres. Gebruik asseblief die familiekode en projeknommer P772 as verwysing.
- Die klasonderwyseresse moet die betalings afmerk in die betalingsregister.
- **KINDERS TREK PARKIELANDHEMPIES AAN, ASSEBLIEF EN MAG 'N LEKKERNY INPAK SKOOL TOE!**

Vakansieskool:

- Vrydag, 30 September sluit die skool om 10:00.
- Die skoolvakansie duur tot Maandag 10 Oktober. Die skool begin weer Dinsdag, 11 Oktober vir die laaste kwartaal van die jaar.
- Die Naskoolkinders het reeds registrasievorms vir die Vakansieskool ontvang.
- Vul dit asseblief in en stuur terug skool toe, selfs al gaan u kleuter dit nie bywoon nie. Haal dit net deur sodat ons kan sien u stel nie belang nie.
- **ALLE AANSOEKE MOET ASSEBLIEF MÔRE BY DIE SKOOL INGEDIEN WEES.**
- **Moet die vakansiepersoneel asseblief nie gedurende die skoolvakansie kontak met laat inskrywings nie, u het genoeg tyd om vooraf te registreer. Baie reëlings gaan gepaard met die inskrywings. Baie dankie vir u begrip in hierdie verband.**

Braaidag: Vrydag 23 September 2022:

- Sien asseblief die ingeslote inligtingstuk in verband met Braaidag!

- Kinders trek Parkielandhempies aan en moet iewers 'n Landsvlag vertoon... 'n Plakker, Tattoo, hoedjie, gesigverf... Jy besluit!

Gedagte vir die week:
'n Klein seuntjie en sy ma moes deur 'n rivier stap. Die ma sê vir die seuntjie: "Hou my hand vas..."

Die seuntjie antwoord: "Nee, Mamma. Hou jý mý hand vas."

Die ma vra verbaas wat dan die verskil is?

Die seuntjie antwoord: As ek Mamma se hand vashou, en iets gebeur met my is die kans goed dat ek Mamma se hand sal los, maar ek weet verseker as Mamma mý hand vashou, sal Mamma nooit ooit my hand los nie."

Kom ons hou mekaar se hande vas die res van hierdie jaar.

Geniet die res van die week!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥HOU♥HANDE♥VAS♥

Omgee is 'n stil gebed, 'n warm hand en iemand wat altyd daar is...

Parkieland Braai vir Erfenisdag!

Vrydag 23 September

Ons benodig:

Per klas die volgende:

- 2 Dosyn sagte "hotdog buns"
- 4 Pakke dun boerewors.
- 1 Spuitbottel tamatiesous.
- 1 Klein bakkie margarien.
- 2 Pakkies mini koeksisters vir "nagereg".

Die skool verskaf Oros, brikette en vuuraanstekers

♥ MAMMA, LAAT WEET OP JUL GROEP AS JY IETS SAL STUUR! BAIE DANKIE!

WILDER AS DIE WILDTUIN

Olifante en Kameelperde se koekverkoping!

Wilde Oliebolle!

Sebrastrepe oral!

#Is 'n Sebra wit met swart strepe of swart met wit strepe?

#Kan 'n Olifant spring?

#Hoekom is 'n Kameelperd se tong swart?

I like to move it, move it!

♥Dans asof niemand kyk nie!

#'n Sebra is swart met wit strepe

#Kameelperde se tonge is swart om sonbrand te keer

#Olifante kan nie spring nie